
DEEL 116 | WEEK 24 | 14 JUNIE 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR


Op die foto: Wolter Bennink en Gideon Swart

# Comrades opgedra aan boesemvriend en oom

Dit sit nie in almal se broekspype om die 85.9 km Comrades Marathon vanaf Durban tot in Pietermaritzburg te hardloop nie, maar 'n paar Heilbronners met lang asems het hierdie geleentheid ten volle aangedurf. Een van die Heilbronners wat uitgestaan het, was Gideon Swart, wat hierdie mylpaal vir 'n derde keer op die ouderdom van 25 aangepak het. Hierdie jaar was ekstra spesiaal, aangesien sy ma Riana hom vergesel het in die amper 90 km lange wedloop. Die mees onvergeetlike oomblik het in die laaste kilometer plaasgevind, toe sy vriend, Wolter Bennink, vir hom 'n plakkaat oorhandig het. Die plakkaat het die gesigte op gehad van Waldo Steyn, Gideon se boesemvriend wat tragies vanjaar in 'n motorongeluk oorlede is, en sy oom, Lukas Swart, wat onlangs oorlede is. Gideon het die wedloop aan hierdie twee belangrike figure in sy lewe opgedra, wat 'n groot betekenis vir hom gehad het. Gideon noem dat hy in 2022 vir die eerste keer die Comrades gehardloop het. Hoewel Gideon nie seker is of hy weer aan die Comrades gaan deelneem nie, het hy al twee maal die opwaartse roete en een keer die afwaartse roete gehardloop. "Dit was baie lekker gewees, maar ook swaar in dieselfde oomblik. Opdraandes raak mens se "hamstings" seer en afdraandes mens se bobene. Die ondersteuning was baie goed om aan te hou hardloop en nie te veel loop nie". Hy besluit nog of hy nog 'n paar keer die uitdagende wedloop wil aanpak. Gideon se mooi gebaar van toewyding en herinnering wys die groot rol wat hierdie twee mense in sy lewe gespeel het. Sy deelname aan die Comrades Marathon is nie net 'n fisieke prestasie nie, maar ook 'n hartroerende huldeblyk aan twee geliefde individue wat hom deur sy lewe geïnspireer het.

# Nog 'n goue toekenning in die sak

Short Term Trust Makelaars spog vir 'n tweede agtereenvolgende jaar met die Santam Goue toekenning. Dit is Short Term Trust Makelaars se 11de toekenning sedert hulle deure oopgemaak het op 1 Mei 2011.

Hulle wil graag al hulle lojale kliënte bedank vir die volgehoue ondersteuning.

"Ons kliënte en personeel is die fondasie van ons sukses en ons waardeer die vertroue wat hulle in ons plaas om hulle korttermyn versekering te kan hanteer."

Met personeel en adviseurs wat spesialiste is in korttermyn versekering nooi ons graag voornemende kliënte uit om ons te kontak vir gratis advies. Kliënte kan ook vir Dewald Buys kontak of ons admin dame Riana du Preez in ons Vrystaat kantoor besoek wat geleë is te Kerkstraat 35 in Heilbron.



GOUE toekenning

SHORT TERM TRUST
BROKERS ~ MAKELAARS

Hoofkantoor kontaknommer: 016 931 2686
Heilbronkantoor kontaknommer: 018 150 0652
Dewald Buys: 082 301 4020
Epos: info@stbrokers.co.za
webwerf: www.shorttermtrustbrokers.co.za

HIGH FERT HF KUNSMIS
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# UIT DIE PEN:



## Week 24

So is ons in week ses met my Standbeeld wat aan my been hang. Ek dra nog die maanstewel, en ek kan tans nie sê dat ek heeltemal pynloos deur die lewe huppel nie. Hierdie seer been skree vir aandag.

Hier is 'n paar praktiese dinge waaraan ek nie voorheen gedink het nie.

Hou in gedagte dat ek nog glad nie op my seer been mag trap nie. My goeie man moet my met twee trappies tot op die stoep kry. Van daar af met die rolstoel binne-in die sitkamer. Daar is gelukkig 'n groot glasdeur, maar met 'n spoortjie waarop die deur loop. Tot groot vreugde (en aanvanklik vrees) draai hy my rolstoel om, tiep dit agtertoe en trek my met twee trappies uit. Wanneer ek bo kom, is ek altyd verlig en sê mooi dankie.

Op die stoep draai hy die rolstoel sodat die voorkant in die lug is terwyl hy my oor die spoortjie van die glasdeur stoot.

Die meubels was aanvanklik in die pad. Goeie man weet al hoe om rondom dit te navigeer. Hy vat my dan tot in die kamer, waar ek met my krukke kan beweeg.

O, ek wil stort? Jammer, hierdie is buite die kwessie want ons stort het 'n trappie. Die enigste wat oorbly, is die bad. En ek kan nie self in die bad in nie.

Die eerste keer was 'n tranedal, want ek was so bang dat ek weer sou seerkry. Goeie man het 'n skitterende stelsel uitgedink: eers tap hy water in die die bad. Dan gaan sit ek op die badmatjie wat nou oor die bad hang ('n porseleinbad kan kouer raak as 'n gevriesde skaapboud, veral in die winter.)

Hy hou my vas sodat ek myself binne-in die bad kan laat gly. Ek het vergeet hoe lekker 'n warm bad kàn wees! Ek was my lyf en my hare in die bad. Ek gly af totdat my kop onder die water is.

Ek kan nie self meer water bytap nie, want ek kry nie die badkrane beet nie. Dis 'n groot, outydse bad. Dus moet ek opskud voordat die water koud word.

Wanneer ek klaar is, roep ek hom en hy help my op dieselfde manier weer uit die bad uit. Sittende of terwyl ek op een been staan, probeer ek afdroog. My hare (wat langerig is) hou aan drup, ek kan nie my kop vorentoe gooi om my hare met 'n handdoek toe te draai nie. Want ek staan net op een been.

Tandeborsel is maklik, en van daar af gaan sit ek op die toilet terwyl ek room aan my gesig en my lyf smeer. Ek sukkel van hier af op, loop met my krukke tot by die bed. Daar gekom, onthou ek dat my bril nog by die wasbak lê. Nou loop ek weer terug met die krukke tot by die wasbak, sit my bril op en terug na my bed toe. Terwyl die koue water teen my rug afloop.

Ek is nou al die derde week terug in my kantoor by die werk. My goeie man kom laai my in die oggend af en dan ry hy na sy werk toe. Eers moet ons uit die huis. Oor die spoortjie van die glasdeur tot by die twee trappies. Hy tiep my dan weer sodat die rolstoel se twee voorste wiele in die lug is. Hup-hup af met die twee trappies.

By die kar stop hy so na as moontlik aan die deur, ek ry soms nader. Ek staan op en wriemel myself in die kar in. Baie elegant, nes dit 'n dame betaam, eers met die boude en dan die bene. Hy vou die rolstoel op en sit dit saam met alles wat ons vir die dag nodig het, in die kattebak. Die twee blou krukke kom op die agterste sitplek.

Ons vleg deur die verkeer (darem nog nie so besig nie) tot by die werk. Hy pak die rolstoel uit, en laat my uitklim, bo-op die rolstoel. Nou kry ek alles op my skoot: telefoon, beursie, soms my skootrekenaar, bakkie met middagete. Hy ry met die klein oprit tot by die gebou se voordeur.

Die deur maak nie maklik oop nie. Daar is ook 'n klein trappie en ek moet help om die deur oop te hou. Nou moet hy dwars draai met my rolstoel en deur nog 'n deur. Wat ook nie maklik oopmaak nie. Ons ry tot by my kantore se voordeur.

Ek vroetel om die toegangskaart, wat altyd om my nek hang, in die hande te kry. Onthou dat ek 'n hele trek op my skoot ook het. Hy rol my tot by my eie kantoor waar ek dan vir die res van die dag werk.

Vanmiddag kom haal hy my. Ek in die rolstoel met die twee krukke oor my skouer, die res van die trek op my skoot. Die reis huis toe begin weer.

My goeie man het verlede week vir my 'n oprit gemaak sodat hy my makliker met die twee stoeptrappies kan opkry. Dis nou mooi geverf en ons het dit gisteroggend getoets.

In my wildste drome het ek nie geweet dat my goeie man sò goed vir my sou wees nie. Hy doen meer as wat ek ooit verwag het. Hy help orals waar hy kan, is geduldig (soms meer as ander kere) en kyk ongelooflik mooi na my.

Ek wonder nie meer waarom ek so lief is vir hom nie, want hy wys my elke dag hòè lief hy vir my is. Daar is geen manier hoe ek hom ooit sal kan bedank nie.

Gee vir jou goeie man 'n lekker druk en 'n klapsoen vir Vadersdag. En as jy nog 'n gryse ou pa het vir wie jy ook jou waardering kan wys, doen dit.

En jy kan hom bel vir goeie raad oor 'n afbeen-vrou.

# AfriForum-tak hou optog oor water, ruim dorp op én steun plaaslike skool – álles binne net een maand!

Heilbronners het dalk te kampe met talle probleme – maar by dié plaaslike AfriForum-tak is verveling nie een daarvan nie. Tussen 'n protesaksie teen watertekorte, opruimingsaksies en die oprigting van 'n groentetonnel by Hoërskool Heilbron was daar gedurende Mei geen kans vir stilsit nie en dié tak het weer eens bewys hoe 'n gemeenskap kan veg én bou.

Volgens Gerrie Muller, voorsitter van die Heilbron-tak, fokus die tak op volhoubare projekte wat werklik 'n verskil in dié dorp en sy mense se lewe maak. "Selfdoen vorm 'n belangrike komponent van ons aksies en met projekte soos die groenteprojek by Lentehofkoshuis word 'n waardevolle selfdoen-ingesteldheid ook onder jongmense gekweek," verduidelik hy.

"Hierdie tak is op soveel verskillende maniere betrokke in die gemeenskap en maak werklik 'n verskil," sê Alta Pretorius, AfriForum se streekskoördineerder in die Mooiriviersstreek. "Die tyd vir wag dat dinge moet gebeur, is verby en AfriForum se Heilbron-tak se projekte verklaar keer op keer 'Ons sal self'."

**Projekte waarby die Heilbron-tak in Mei betrokke was, sluit in:**

**Protesaksie oor waterprobleme**

Die tak het op 8 Mei deelgeneem aan 'n protesoptog na die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit se kantoor om hul stem te laat hoor oor die ernstige watertekort wat in en om Heilbron ondervind word. Dié tekort spruit uit Rand Water se toepassing van watervermindering vanweë die munisipaliteit se wanbetaling. Hoewel protesgangers gereed was om 'n memorandum aan die burgemeester, Victoria de Beer, te oorhandig, het sy nie opgedaag om ontstoke inwoners se klagtedokument te ontvang nie. In reaksie hierop, het die AfriForum-tak 'n petisie van stapel gestuur om by die Vrystaatse premier, Mxolisi Dukwana, aan te dring op dringende ingryping by die Ngwathe-munisipaliteit en om De Beer uit haar amp as burgemeester te laat verwyder. Voortgesette minagting van inwoners se behoeftes en swak dienslewering word as redes vir dié eis aan Dukwana voorgehou.

**Selfdoen-tonnelprojek**

'n Groentetonnel is aan Hoërskool Heilbron geskenk en gedurende Mei by die Lentehofkoshuis opgerig. Die tonnel sal ingespan word vir landbouvakke se praktiese lesse en die groente-oes sal vir koshuisdoeleindes gebruik word. Die projek sal egter nie net tot die voordeel van die leerders strek nie, maar aangesien beoog word om alle oortollige plaasvars produkte aan die plaaslike aftreeoord te skenk, sal bejaardes ook die vrugte van jonges se arbeid kan pluk.

**Skoonmaakaksie vir 'n skoner Heilbron**

Die Heilbron-tak het in Mei verskeie skoonmaakaksies aangepak en onder meer 'n terrein voor die aftreeoord in Langmarkstraat en 'n erf langs die munisipaliteit getakel. Gras is gesny en rommel is opgeruim en 'n totaal van 27 halftonsakke vullis en gras is uiteindelik verwyder.

**Raak betrokke!**

Wil jy 'n verskil op Heilbron maak? Raak vandag nog betrokke by AfriForum se Heilbron-tak. Kontak Paul Bergh by 081 354 3073 vir meer inligting.

**Alta Pretorius** (Streekskoördineerder: Mooirivier) - AfriForum
Sel: 081 392 2071 | E-pos: alta.pretorius@afriforum.co.za
**Gerrie Muller** (Takvoorsitter: Heilbron) - AfriForum
Sel: 083 620 7018 | E-pos: voorsitter.heilbron@afriforumtak.co.za
**Ilze Nieuwoudt** (Mediaskakelbeampte) - AfriForum
Sel: 066 103 6499 | E-pos: ilze.nieuwoudt@afriforum.co.za










*Op die foto vl: Paul Bergh, Frik Marais en Alta Pretorius.*

# HEILBRON *Kliniek*

*• Mosa Mtolo*

## WHAT HAPPENS TO THE BRAIN WHEN A PERSON TAKES DRUGS

Most drugs affect the brain's "reward circuit", causing euphoria as well as healing it with the chemical messenger dopamine. A properly functioning reward system motivates a person to repeat behaviours needed to thrive, such as eating and spending time with loved ones. Surges of dopamine in the reward circuit cause the reinforcement of pleasurable but unhealthy behaviours, such as taking drugs, leading people to repeat the behaviour again and again. As a person continues to use drugs, the brain adapts by reducing the ability of cells in the reward circuit to respond to it. This reduces the high that the person feels compared to the high they felt when first taking the drug - an effect known as tolerance. They might take more of the drug to try and achieve the same high. These brain adaptations often lead to the person becoming less and less able to desire pleasure from other things they once enjoyed, such as eating, sex, or social activities. Long-term use also causes changes in other brain chemical systems and circuits as well, affecting functions that include: • Learning • Judgement • Decision-making • Stress • Memory • Behaviour Despite being aware of these harmful outcomes, many people who use drugs continue to take them, which is the nature of addiction.

# INSPIRASIE RESEPTE


Pasch du Plooy

## INDIVIDUAL LEMON MERINGUE TARTS

Makes: 18 – 20 x 6cm tarts

**For the Pastry**
200g unsalted butter, 100g superfine sugar, 1 egg extra large
1 egg yolk extra large, 1 tsp vanilla, ½ tsp salt, 350g cake flour

**For the Lemon Curd Filling**
2 tins of condensed milk, 4 egg yolks, 80ml lemon juice, 1tbs lemon zest

**Method - Pastry**
Add the butter and sugar to a food processor. Pulse until the mixture is well combined and homogeneous. Add the whole egg to the creamed mixture with the food processor running and pulse until combined. Then add the egg yolk and vanilla and pulse again. Sift together the flour and salt and add this mixture to the egg and butter mixture simultaneously. Pulse until the dough forms. Do not over-mix. Refrigerate for an hour. Preheat the oven to 180 degrees Celsius. Spray tart tins with non-stick cooking spray. Remove the dough from the fridge and roll it out on a lightly floured surface to a thickness of 1/2cm using a rolling pin. Cut discs off the rolled pastry slightly larger than the tart tins, place them in the tart tins and use your fingers to gently press the pastry into the base and the sides of the tins.
Line each tart with baking paper and fill with uncooked rice or pie weights.
Blind bake the shells in a preheated oven for 15 minutes or until light golden brown.
Take out the paper with rice/weights.

**Lemon Curd Filling**
Reduce oven temperature to 160 degrees Celsius. In a mixing bowl, add all the ingredients for the filling and whisk to combine. Spoon the lemon mixture into the pre-baked pastry shells. Be sure to fill them almost to the top of the pastry shell. Bake the filled lemon tarts in the preheated oven for 10 minutes or until the lemon filling is just set. Let it cool down completely before taking out of the tart tins.

**Meringue Topping**
4 egg whites, 200g castor sugar, Pinch of salt, 5ml vanilla essence

**Method**
Add the egg whites, sugar, salt and vanilla into a heat-proof bowl and set over a saucepan with simmering water. Whisk continuously until the sugar has melted, about 3-5 minutes. Once melted, add the mixture to a bowl of a stand mixture fitted with a whisk attachment. Beat at medium-high speed for 10 minutes until stiff peaks. It must be thick and glossy. Fill a piping bag with the preferred nozzle and pipe the meringue onto each tart. Torch the meringue until toasty.

# Swak bande:


## *Rommeltrok staan*

Inwoners in sekere dele van Heilbron kla dat hul huishoudelike rommel begin ophoop. Dit het gebeur sonder waarskuwing vooraf, en sonder verduideliking toe hulle begin kla. "Ons sien nie die groot trok wat ons vullissakke kom oplaai nie, en dan ontsier die swart sakke ons straat, om deur honde en leeglêers verskeur te word, en oral te bemors," is 'n algemene klagte.

DA-raadslede Robert Ferendale en Joseph Mbele is vandeesweek na die munisipaliteit daaroor. Hulle sê hulle wou self uitvind wat aangaan. "Ons was geskok oor die rede. Die duur munisipale vullistrok staan immobiel op die perseel, met verweerde bande, waarvan drie aan flarde is en pap lê op die rame." Hulle sê hulle kon geen sinvolle verduideliking by amptenare kry nie. "Ons wag steeds dat Areahoof Francis Moeketsi op ons dringende vrae reageer," sê Ferendale.

Koukusleier Carina Serfontein sê hulle dringende vrae sluit in waarom Ngwathe se een duur rommeltrok tot stilstand gedwing is eenvoudig deur verinneweerde bande. "Dit vernietig mos dienslewering. In DA-beheerde munisipaliteite vind voorkomende instandhouding plaas; waarom is dit so moeilik vir Ngwathe? " As sy en haar kollegas teen vandag nog nie reaksie ontvang het nie, sal hulle formeel op skriftelike antwoorde in 'n raadsvergadering aandring.












# Huppel Trippel gesels oor skete en kwale

As jy al ooit gewonder het oor watter produkte op jou kombuisrak geneeskundige waarde het, hoef jy nie verder te soek as gemmer, kaneel, borrie, rooipeper, knoffel en papaja-pitte nie. En wat gemaak met artritis, rumatiek en rustelose bene? Die seniors het geesdriftig vertel watter rate vir hulle werk vir watter skete. 36 gaste het heerlik gekuier om 'n pot groentesop en broodjies. Bettie Swart was die skenker van die heerlike sop. Dit was terselfdertyd die verjaardag van ons oudste jong lid, Gertie van Loggerenberg wat haar 92ste verjaardag gevier het. As jy 'n senior burger is, is jy baie welkom om elke tweede Dinsdag-oggend te kom saamkuier.



*Op die foto van die lede van die Huppel Trippel Klub in Heilbron.*






*Op die foto Gertie van Loggerenberg.*



# Eerste "Moms Night Out"

Hoërskool Heilbron het vir die inkopiedoener, seerpleksoener, pleisterplakker, kosblikpakker en lego-bouer 'n onvergeetlike aand aangebied met hul heel eerste "Moms Night Out". Die skoolsaal was prentjiemooi opgemaak met 16 tafels wat elkeen volgens 'n spesifieke tema versier is. Die aand was daarop gemik om elke ma die geleentheid te gee om te ontspan, want ons almal weet 'n ma werk eintlik 24/7.

Die gasspreker vir die aand was die bekende Tik Tokker, Francois Boyce van Hoezit Samelewing. Daar was gelag en gejuig, en selfs 'n "dance off", en vele ander speletjies waar waardevolle pryse gewen is. Die dames was bederf met heerlike versnaperinge en teen die einde van die aand het hulle hulself terdeë geniet. Die volgende dag het die harde voltydse werk van ma-wees weer vir hulle gewag, maar vir daardie een aand kon hulle net ontspan en hulself geniet.
















# Oom Jan spog met sy 3kg patat

*Jan van Zyl het rede om trots te wees nadat hy 'n patat van 3kg ge-oes het. Volgens Jan het hy patats in 'n oop stukkie grond by Huis Bron-van-Heil geplant. Een rank het altesaam 12kg patats opgelewer.*








# Afrikaanse Bybel nou waardevol

**• Tom Watson**

Sedert 1933 het verskeie Afrikaanse vertalings van die Bybel al die lig gesien en in die toekoms sal nog meer toegevoeg word.

Sedert 1875 was daar al die strewe om 'n Bybel in 'n gebruikstaal toeganklik te maak en eers 58 jaar later in 1933 is die eerste Afrikaanse Bybel in Groot Brittanje gedruk en na Suid-Afrika versend toe die Carnarvon Castle op 29 Mei 1933 Tafelbaai binnegeseil het met die eerste besending van 10000 Afrikaanse Bybels.

Dit is nou 91 jaar later en daar is seker nie meer baie eksemplare van die besonderse Bybel beskikbaar nie.

Afrikaans is op 8 Mei 1925 in die grondwet amptelik erken as taal in die grondwet van die Unie van Suid-Afrika! Net interessant en het betrekking op Bybel!

Daar word dikwels verwys dat die Voortrekkers van 1836 net die Bybel gehad het as leesstof op hul trek op soek na Vryheid in die Noorde. Die Bijbel wat hul onder oë gehad het, was seker De Gansche Heilige Schrift uit die Oorspronkelijke Talen in onze Nederlandsche Taal Getrouwelijk Overgezet…




*Die voorbladfoto van die 1933 Bybel wat die eiendom was van Jan du Plessis, Vaalbank, Dewetsdorp, die pa van Joey Watson van Heilbron.*

# KENNISGEWINGS

T24301/1992

**NOTICE IN TERMS OF REGULATION 68 OF ACT 37 OF 1947**

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registry Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of the **DEED OF TRANSFER T24301/1992** passed to **MARIA ISABELLA TERBLANCHE** in my capacity as the Executor in the Estate of the late **SUSARA MARGARETHA CORNELIA MYBURGH**
**Estate number 010350/2024**
Acting under Letters of Executorship issued by the Master of the High Court of South Africa, Gauteng Division Johannesburg on 30 April 2024 in terms of Section 13 and 14 of the Administration of Estates Act No 66 of 1965 in respect of
**SUBDIVISION 20 (OF 1) OF THE FARM WOLVENFONTEIN 256 DISTRICT HEILBRON** Province Free State; in Extent 68,8509 (Sixty Eight comma Eight Five Zero Nine) Hectares, which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks after the date of publication of this notice.
Dated at Kroonstad on 10 June 2024
**HSL DU PLESSIS ATTORNEYS**
**103 MURRAY STREET, KROONSTAD, 9499**

**NOTICE**
**LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER T33950/2003** passed by
**LEONARD HEINRICH ELS**
**IDENTITY NUMBER 570126 5099 000**
Married out of community of property
in favour of **JOPIE FOURIE BEYERS DE BRUIN, IDENTITY NUMBER 490608 5043 002,** Married out of community of property, in respect of certain **THE FARM KRAUSE'S GIFT NR 331, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein, 85 Nelson Mandela Dr, Bloemfontein Central, within 2 (TWO) weeks from **14 June 2024,** being the date of the publication of this notice.
Dated at Parys on this 7th day of June 2024.
**COETZEES ING**
**ATTORNEY FOR APPLICANT**
**25 BUITEN STREET / P.O BOX 5**
**PARYS, 9585**
**E-MAIL: j12@coetzeesattorneys.com**
**TEL: 056 811 2136**
**(REF. JP COETZEE(JNR)/CVZ/MAT8492)**

Gelukkige Vadersdag
Sondag, 16 Junie 2024


**FOTOSTATE**

Swart / Black

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

Volkleur / Colour

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

**BESIGHEIDSURE**
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON






Virenigenuusenadvertensies vir die Heilbron Herald
Kontak gerus vir
Hendie Lötter by 071 175 9807
of heraldnuus@heilbron.co.za





# TE HUUR • TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| **2 Aug.** | Suiderkruis Restaurant. Heerlike steak-ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **3 Aug.** | BoereTreat |
| **17 Aug.** | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Aug.** | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.wessentraal.co.za
JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047
WESSENTRAAL

**WINKELURE**
**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

# FLU-VACCINE

***• Heilbron Clinic***

Available at you own clinic for free.








# Valsrivier pare



Die afgelope naweek is die Valsrivier pare gespeel op die bane van Kroonstad Bowling Club. Baie geluk aan Edward en Jurie Jonker wat silwer huistoe gebring het. Johnnie Fourie en Willie Pretorius het ook deelgeneem en het net-net uitgeval voor die semi-finale. Twee damespare van Heilbron Klub moet nog sake uitspook die komende naweek, die wedstryd kan gelukkig tuis plaasvind. Ellie van Coller en Tracy Jacobs speel teen Sonja Muller en Hannalie Claassen. Daar word om die eerste plek meegeding. Heilbron spelers het hulle stempel goed afgedruk en is 'n krag in Valsrivier.

*Op die foto vl: Edward Muller en Jurie Jonker.*

WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

# Hou bene hou!




*JP Botha van Heilbron het ook die naweek die Comrades aangedurf.*




*Riana Swart het vir die eerste keer die Comrades aangedurf saam met haar seun Gideon Swart.*

## Kransfontein Resiesduifklub

Op Saterdag 8 Junie 2024 het Kransfontein Resiesduifklub vanaf Edenburg gevlieg. Die duiwe is om 07:30 gelos en hulle het oor 'n afstand van 323 kilometer terug na Reitz gevlieg. Agt lede en 228 duiwe het deelgeneem. Die wenduif is om 11:48 geklok.

1. Reitz Lofts 3
2. JJ Lofts
3. Wolmarans Hokke A
4. Reitz Lofts 3
5. Heine Hokke
6. Wolmarans Hokke A
7. Wolmarans Hokke B
8. Heine Hokke
9. Reitz Lofts 2
10. Reitz Lofts 3



*Op die foto is Jeandre en Leane Muller. Hul duif het vir Reitz Lofts 3 gewen.*







BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 17 JUNIE 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 18 JUNIE 2024
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
ANYSSPRUIT Kwartaallikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
HOËVELD SAVM KLUBVEILING
40 Ramme
11:00, Hoëveld veilingsentrum
Kontak Erik Heymans 083 246 5177
WOENSDAG - 19 JUNIE 2024
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
NIEKERKSRUST SAVM STOET
64STE PRODUKSIEVEILING
11:00, Niekerksrust
Kontak Jan van Biljon 082 781 5210
MEYERSVLEI BONSMARA
8STE PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Meyersvlei, Standerton
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038
DONDERDAG - 20 JUNIE 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
DANIËLSRUS Kwartaallikse veiling
Kontak Geyer Terblanche 072 564 6164
VRYDAG - 21 JUNIE 2024
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za